Burger Landbou – 12 Maart 2009

GROEN PROJEK

VRUGTE VOORAF VERKOEL EN PER TREIN NA HAWE

Vir die eerste keer word vooraf verkoelde uitvoer druiwe en sagte vrugte per trein in skeepsvraghouers vanaf ColdHarvest se koelkamers in die Paarl tot in die Tafelbaai se hawe vervoer sonder dat dit op die rit van twee uur verkoel hoef te word.

Die derde vrag die seisoen, hoofsaaklik tafeldruiwe, het verlede week hul weg so uit die koelkamers in Daljosafat na die hawe gevind.

Die projek is ColdHarvest se “groen projek” deurdat dit die verkeer van groot vragmotors met houers op die teer paaie verlig en aansluit by die vrugte bedryf se projek van “tone van die teer af” om paaie beter teen skade te beskerm. Volgens Deon Hanekom, hoofbestuurder van ColdHarvest, word die koolstofvoetspoor ook daar deur verminder.

Dit maak boonop toegang tot die hawe makliker en verminder verkeersopeenhoping van vragmotors, is ‘n oplossing vir vrugte met ‘n groot massa, soos sitrus, en is koste doeltreffend.

Die vrugte word by die koelkamers in voorafverkoelde houers gelaai, waarna die houers met ‘n laaikraan op die trein gelaai word. Langs die spoor is kragpunte wat gekoppel word terwyl die trein gelaai word, die krag ontkoppel vir die rit na Kaapstad.

Transnet sien toe dat die trein ‘n oop spoorlyn tot in Kaapstad het en by geen stasie hoef te stop nie. Om dit moontlik te maak, is die trein roosters van die dag verander, selfs die van die Blou Trein.

By die bestemming word die houers regstreeks in skepe gelaai. Indien dit nie moontlik is nie, word die houers in die stapelwerf verder verkoel totdat dit gelaai kan word.

Volgens ColdHarvest is dit deel van sy strategiese plan om op ‘n omgewingsvriendelike manier vrugte tot by hul eindbestemming te bring. Die onderneming wat byna 6 000 palette onder verkoeling kan hê, wil ook sy daaglikse uitlaaikapasiteit verhoog. Daarvoor is die trein van groot hulp.

ColdHarvest sien groot potensiaal vir treine en wil aanstaande jaar meer treine gebruik.

Sitrus en advokadopere word al geruime tyd uit die Noorde per trein na die hawens vervoer, maar die houers word op die rit verkoel.

Volgens mnr Ampie Grotsius van Progressive Logistics verg dit deeglike administrasie en word die vrag deurgaans gemonitor om te verseker dat vertragings nie onderweg voorkom nie, of om dit te bestuur as dit sou gebeur.

Me. Maranda Fourie van Southern African Fruit Terminals (SAFT) en mnr, Deon Hanekom, hoofbestuurder van ColdHarvest, kyk toe terwyl mnr. Ockert Henning (regs) van SAFT die lint knip om ColdHarvest se “groen projek” amptelik in werking te stel voordat die derde trein met die voorafverkoelde houers uitvoerdruiwe en –vrugte regstreeks na die Tafelbaai se hawe vertrek.